

Teen geheime onkuisheid

Al pleeg hy sy daad in die grootste geheimhouding ... Al tref sy hóé sorgvuldig voorsorg dat geen mens weet nie, die onkuisie het 'n onsigbare metgesel. God sien dit wel, asof dit in die volle sonlig gedoen word.

Hy weeg ons op hierdie terrein waarop daar vandag soveel onverskilligheid is. En Hy is geen passiewe toeskouer nie! Christus het mos gewaarsku: *“Daar is niks bedek wat nie openbaar sal word nie ... Niks geheim wat nie bekend sal word nie”* (Matt 10:26b). Onkuisie daad mag dalk in hierdie lewe geheim gehou word. Ons moet egter rekening hou met die woorde van Hom wat alle harte ken en toets: *“Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg. As jou regteroog ... regterhand jou laat struikel haal hom uit ... kap hom af ... Dit is beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland”* (Matt 5:28-30).

God kyk! Sy oë vlam soos vuur! Hy waarsku: *“Ek weet alles wat julle doen”* (Openb 2:19a). Hy sê: *“Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huweliksewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom”* (Heb 13:4).

Spreuke 5 handel oor die onderhouding van die sewende gebod; oor verleiding, die duur prys wat ontrou laat betaal. Maar dit besing ook die blywende heerlikheid wat huwelikstrou bied.

Hoe heerlik is die sekerheid dat Hy elke berouvolle seun en dogter met ope arms terug ontvang; die gebroke band met sy bekeerde kind herstel. Dawid het amper 'n jaar lank alles probeer om sy owerspel met Batseba weg te steek. Tot die Here aan Hom laat sê het: *“Jy is die man!”* Na sy hartgrondige skuldbelydenis het Dawid bevryding en berusting gevind. Psalms 32 en 51 besing God se heerlike genade. Ons troue Verbondsgod het deur sy Seun alle sonde en skuld versoen. Deur sy Gees wil Hy ons al meer heilig maak!

Sing: Skrifberyming 19(2-1)

Ds CJ Nagel (sr) (Messina)